

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark - Trinitas
2019-05-19
Oggenddiens

1 Johannes 4:1-6

Sondag 7

Die evangelie roep ons om die troosvolle beloftes van God te bely

Inleiding:

- “Die Here het vir my gesê”
 - ‘n Frase wat al hoe meer gereeld voorkom.
 - In die ooploop na die verkiesing het hierdie woorde ook dikwels weerklank op sosiale media.
 - 8 Mei is nou verby en al die uitslae is bekend gemaak.
 - Hoeveel van hierdie profesieë wat gedeel is, het toe werklik waar geword?
 - As ons nou teruggaan en na al die boodskappies gaan luister, sien ons dat dit nie die waarheid was nie.
 - God kan nie leuens vertel nie.
 - So by wie lê die fout?
- In verlede week se preek het ons weer die oproep gekry om die Skrif te ondersoek.
 - Toets alles wat gepreek word en of dit ooreenstem met dit wat in die woord van die Here staan.
 - Vanoggend gaan ons by hierdie gedagte aansluit uit 1 Johannes 4.
 - Ons bely elke Sondag saam ons geloof as gemeente en geloofsfamilie.
 - Maar wat baat dit jou?
 - Is hierdie belydenisskrifte nie maar verouderde mensgemaakte dokumente wat sy trefkrag in die 21e eeu verloor het nie?
- Nee, maar juis die duidelike teenoorgestelde.
 - Daarom roep die evangelie ons op om die troosvolle beloftes van God te bely.
 - Daarom vra ons mekaar vandag 3 vrae:
 - Wat bely jy?
 - Wie bely jy?

- Hoe toets jy jou belydenis?

Wat bely jy?

- Johannes skryf hierdie brief aan groep gelowiges wat duidelik bekend is met valse profete.
 - Verskillende mense tree na vore om 'n evangelie te bring.
 - Maar dit is egter vals en duidelik in stryd met die waarheid.
- Johannes se hele fokus van hierdie eerste prys is om uit te wys hoe wonderlik Jesus Christus is.
 - Hy is die Seun van God
 - Hy is self God
 - Hy is die Lig
 - Hy is die lewe
 - Hy is opgewek en het opgestaan uit die dood.
- Dit is egter nie wat hierdie valse profete verkondig nie
 - Christus se goddelikheid word ontken.
 - Sy opstanding word ontken.
 - Hulle vat die fondament van ons geloof en vertrap dit onder skuilnaam van goddelike profete.
- Daarom gee Johannes die baie ernstige opdrag.
 - Ondersoek elkeen.
 - Wat bely hierdie profete?
 - Wanneer jy met hierdie profeet saamstem, is julle een in geloof.
- *“Elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is.”*
 - Is dit wat jy bely?
 - Is dit wat die skynbare profete verkondig?
 - Die vraag is nie net of Jesus werklik Christus is nie.
 - Glo jy dat Hyself ook God is?
 - Glo jy dat Hy die vervulling van die ou verbond is?
 - Glo jy dat Hy sal terugkeer soos wat Hyself in sy woord aan ons belooft?
 - Eers wanneer jy dit erken of wanneer jy dit kan ondersoek in die woorde van enige profeet, kan jy werklik weet of die Gees van God af kom.
- Wanneer ons dan vanuit die kategismus bely wat 'n gelowige moet glo, dan is die antwoord eenvoudig tot baie gelaai.
 - Eerstens alles wat in die Skrif belooft word.

- Ons het laasweek weer die belangrikheid van die gesag van die Bybel geleer.
 - Die wêreld is vol valse profete wat die Skrif wil verdraai of selfs die Bybel verwerk.
 - Tweedens glo ons die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof wat ons in hoofsaak geleer word.
 - Vraag en antwoord 23 beskryf dan hierdie artikels as die apostoliese geloofsbelydenis.
- Voeg ons dan nie iets by as ons die Bybel moet glo en dan die belydenisskrifte nie?
 - Ons bely en erken dat die Bybel die hoogste gesag is en dat ons niks daarby kan voeg nie.
 - Skielik hoor ons dan nou dat ons die 12 artikels ook moet glo.
 - Die rede hoekom ons ons belydenisskrifte so belangrik ag, is omdat hulle juis die Bybel napraat.
 - Daar is niks in die 12 artikels wat nie vir ons duidelik in die woord geleer word nie.
 - Die apostoliese geloofsbelydenis is 'n kernagtige opsomming van die wese van die evangelie.
 - Omdat die Skrif waar is, kan ons die belydenisskrifte glo omdat dit met die woord saamstem.
 - Daarom bely ons die woord van God en die hoofsaak van ons geloof soos wat die 12 artikels ons ook leer.
 - Dit bring ons dan by die volgende vraag.
 - Wie bely jy?

Wie bely jy?

- Vraag en antwoord 22 van die Heidelbergse kategismus gaan oor die beloftes van die woord en die belydenis.
 - Die beloftes van die woord en die belydenis is nie koue feite wat oorgedra word nie, maar 'n troosvolle versekering van die hoop wat daar vir gelowiges is wat hierdie belydenis werklik ter harte neem.
- In die belydenisskrifte word God self aan ons beloof.
 - Die Vader word aan ons beloof.
 - Hy is die een wat ons daagliks versorg.
 - Die Seun word aan ons beloof.
 - Deur Hom is ons van al ons skulde vergewe.
 - Hy het aan die kruis gesterf en is ook opgewek vir my en jou.

- Die Gees word aan ons beloof.
 - Hy reinig ons en stap met ons die pad van heiligmaking.
- Saam is hierdie drie een God.
 - Dit is die wese van ons algemene en ongetwyfelde geloof.
- Wanneer ons sê dat ons geloof algemeen is, sê ons dat dit wêreldwyd oor al die eeue deur die kerk van Christus bely word omdat die Gees die versekering in ons opwek.
 - *“Elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is.”*
 - Hierdie kort vers maak die drie-eenheid van God so duidelik vir ons.
 - Hierdie Gees wat die belydenis van geloof in ons harte aanwakker is die Een wat maak dat ek en jy kan bely dat Jesus die ware Christus is wat deur die Vader na hierdie wêreld gestuur is.
- As ‘n profeet na vore tree en hy verkondig nie die almagtige drie-enige God nie.
 - Maar as ek en jy hierdie God erken en bely, dan deel ons in die oorwinning van Christus.
 - Dan is ons soos wat Paulus in Rom. 8 sê meer as oorwinnaars.
- Hulle wat egter ‘n ander evangelie verkondig is van die wêreld en die wêreld sal na hulle luister.
 - Daarom moet ek en jy werklik die profete kan toets.

Hoe toets ek my belydenis?

- Johannes maak dit baie duidelik hoe belangrik onderskeidingsvermoëns is.
 - Jy moet weet wat reg en verkeerd is.
 - Jy moet weet wat waar en vals is.
 - Valse profete is ‘n realiteit wat die Bybel lankal reeds vir ons bekend gemaak het.
- Dit is nie altyd maklik om iemand se belydenis te toets nie.
 - Maar die apostoliese geloofsbelydenis is ‘n baie eenvoudige maatstaf.
 - As hy of sy nie heelhartig en ongetwyfeld kan sê ek glo saam met elkeen van hierdie artikels nie, dan kom die Gees nie van God af nie, want dan word die Skrif in twyfel getrek.
 - Dan word God se skeppingsmag bevraagteken.
 - Die maagdelike geboorte, Christus se kruisiging en opstanding, die werking van die Heilige Gees en die kerk wat Christus vir hom versamel word ontken.
 - Deur slegs een van hierdie artikels te ontken, ontken jy van die wesenlike beginsels van ons geloof.

- As iemand daarom verskil van een van hierdie artikels is hy 'n valse profeet wat nie saam met ons een in geloof is nie.
 - Daarom begin Johannes hierdie hoofstuk met die aanspreekvorm van “geliefdes”.
 - Ons wat saam is in geloof.
 - Ons wat die waarheid aanhang en glo.
 - Ons wat die almagtige drie-enige God bely.
- Johannes 20:30-31 maak dit vir ons duidelik dat ons in die Skrif duidelik leer dat Jesus waarlik die Christus is.
 - Hy is die Seun van God.
 - Sodat ek en jy die ewige lewe kan hê.
- Maar ek en jy moet ook hierdie valse profete uitwys sodat ander nie in daardie slaggate trap nie.
 - Esegïël 13 maak dit vir ons duidelik dat die valse profete uit die volk van die Here verwyder sal word.
 - Daarom is daar nie redding vir die valse profete en die wat hulle aanhang nie.
- Ons belydenis is daarom nie net 'n beskrywing van ons geloof nie, maar rus ons toe om ook ander tereg te wys en ook te troos die wonderlike woord van God.

Slot:

- Ek glo.
 - Dit beteken niks as jy dit nie kwalifiseer nie.
 - Wat bely jy en wie bely jy?
 - Wanneer ons dit werklik kan antwoord uit ons Skrif en belydenis uit dan word “Ek glo” 'n kosbare belydenis van troos en hoop.
- Dit rus ons toe om die harde vrae te vra wanneer ons met valsheid gekonfronteer word.
 - Dan is dit nie meer 'n geval dat “*die Here het vir my gesê*” nie, maar dat ons werklik mag hoor “*So sê die Here*”